# DIE TYDSKRIF *WOORD EN DAAD* EN DIE APARTHEIDSBELEID, 1954-1966

P de Klerk[1]

**SUMMARY**

The journal **Woord en Daad** ("Word and Action") was founded in 1954 with the aim of discussing political and social matters from a Christian perspective. The editors believed that the apartheid policy was based on Christian principles and generally supported the implementation of this policy. Very little criticism on government measures regarding the coloured franchise, forced removals, the pass laws, etc., appeared in **Woord and Daad**. The journal did, however, urge the government to accelerate the development of the so-called black homelands and warned white South Africans that the apartheid policy would fail if they were not prepared to make economic sacrifices. During the years 1954 to 1966 the journal was instrumental in convincing Afrikaners, especially members of the Reformed ("Dopper") Church, that apartheid was a just policy.

---

## 1. INLEIDING

Dit word tans wêreldwyd, ook deur baie Afrikaners en die vernaamste Afrikaanse kerke, aanvaar dat die apartheidsbeleid wat in die jare na 1948 deur die Suid-Afrikaanse regering toegepas is, nie met 'n Christelike samelewingsbeskouing gerym kan word nie. Die vraag hoe dit moontlik was dat mense met sterk Christelike oortuiginge hierdie beleid voorgestaan en aktief probeer bevorder het, word vandag dikwels, veral ook deur Afrikaanssprekende Christene, gevra.

In hierdie artikel word nagegaan hoe 'n tydskrif wat hom spesifiek ten doel gestel het om politieke en maatskaplike vraagstukke vanuit 'n Christelike oogpunt te bespreek, naamlik die maandblad **Woord en Daad**,[2] die apartheidsbeleid beskou en beoordeel het. Daar word slegs op die tydperk 1954-1966 gelet omdat hierdie

---

1 Vakgroep Geskiedenis, PU vir CHO (Vaaldriehoekkampus).

2 Die blad is enkele jare lank (Augustus 1960 tot Augustus 1962) tweeweekliks uitgegee. Van November 1955 tot Januarie 1958 is **Woord en Daad** glad nie uitgegee nie, maar opgeneem in 'n ander blad, **Die Weste**, sonder dat dit 'n aparte afdeling daarvan uitgemaak het. Die jaargange is nie konsekwent genommer nie en al die uitgawes in die periode Februarie 1962 tot Desember 1964 word byvoorbeeld as jaargang 7 aangedui. Daarom mag dit soms lyk of die datums en die jaargangnommers wat in die bronnelys aangedui word nie met mekaar korreleer nie.

periode beskou kan word as die hoogbloei van apartheid, waartydens die oorgrote meerderheid Afrikaners die bewindhebbende Nasionale Party gesteun het. Die blad se standpunt ná 1966, toe kritiek op apartheid ook in Afrikanerkringe sterker begin word het, sal in 'n latere artikel bekyk word.

Die tydskrif **Woord en Daad** het vir die eerste keer in Januarie 1954 verskyn as mondstuk van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB), wat hom daarvoor beywer het "om Calviniste in Suid-Afrika saam te snoer en tot 'n hegte eenheid te organiseer" (Anon 1958:5). Die redaksie was vanuit die staanspoor hoofsaaklik in die hande van dosente aan die Potchefstroomse Universiteit en het dwarsdeur sy bestaan noue bande met die universiteit gehandhaaf. Die ACB het dit ook as een van sy hooftake gesien om die PU vir CHO finansieel en andersins te steun (DJ van Rooy 1955:5; vgl. ook GM van Rooy 1962:3). Daar is dan ook soms na **Woord en Daad** as die "stem van Potchefstroom" verwys (CJ Coetzee 1998:281).

In die eerste uitgawe van die blad (Anon 1954b:1) word verklaar dat **Woord en Daad** "die vraagstukke van hierdie tyd wil besien in die lig van die Woord van God". Die blad se uitgangspunt is dat die lewe nie in aparte kompartemente geskei kan word nie en dat daar "geen duimbreed van enige terrein is waar Christus nie kan sê nie: Ook hier is Ek Koning!". Terselfdertyd word aangedui dat **Woord en Daad** Christelik-nasionaal en republikeins wil wees. "Die Calvinisme skryf nie een of ander regeringsvorm voor as die enigste moontlikheid nie, maar wat ons volk betref is daar vir ons net een keuse as ons let op die leiding van God in ons geskiedenis" (Anon 1954b:1). **Woord en Daad** wil nie 'n partypolitieke blad wees nie, maar tog "simpatiek en helpend teenoor die huidige regering staan...In elk geval gaan ons nie in die hande van die liberaliste en die volksvyande speel nie" (Redaksie 1960:3).

Na aanleiding van kritiek dat standpunte soms in **Woord en Daad** verskyn wat negatief teenoor die regering is en deur die "vyandiggesinde pers" uitgebuit kan word (IJ van der Walt 1961:2), verklaar die redaksie dat hy 'n gulde middeweg probeer bewandel ten opsigte van volksvraagstukke. Dit wil nie 'n slaafse naprater van die regering wees nie en ook as 'n forum dien vir openhartige gesprekke, maar tog lojaal wees aan die owerheid en sy taak nie onnodig bemoeilik nie. "In die toekoms sal ons menings wat enigsins afwykend is van die deursnee-oortuigings van ons volk liefs as korrespondensie opneem, sodat duidelik kan blyk dat ons nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie" (Du Toit 1961g:3). Hoewel daar buite die briewekolomme wel standpuntverskille in die blad voorkom, is hierdie verskille

relatief klein, en kom in die blad dus beslis 'n bepaalde beskouing oor die apartheidstelsel na vore.[3]

Oor die apartheidsbeleid en die deurvoering daarvan in die periode 1948-1966 is daar heelwat geskryf (Scher 1993 bied 'n resente oorsig) en die agtergrond waarteen **Woord en Daad** se beskouinge oor regeringsbeleid beskou moet word, word dus nie hier bespreek nie.

## 2. DIE GRONDSLAE VAN APARTHEID

Reeds in die eerste jaargang blyk dit dat die redaksie daarvan oortuig is dat die apartheidsbeleid op Christelike beginsels gebaseer is (Anon 1954a:3). In 'n redaksionele artikel van 1961 word met instemming 'n besluit van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk aangehaal: "Uit die feit dat God aan elke volk sy plek gee (Hand. 17:26) volg dat as twee volke of rasse op dieselfde grondgebied woon en elkeen sy eie identiteit wil bewaar daar onnoemlike spanninge ontstaan. Gebiedskeiding tussen volke is een van die wesenlike faktore om ongewenste vermenging en bedreiging van die volksbestaan teë te werk...Die idee van 'n 'veelrassige volk op een grondgebied' moet op Skriftuurlike gronde verwerp word" (Du Toit 1961b:3; vgl. ook Du Toit 1961e:4; 1961h:1).

Die beskouing dat verskille tussen rasse ook ongelykheid tussen rasse kan impliseer kom in sommige artikels na vore. Na aanleiding van uitsprake van 'n Amerikaanse geleerde dat die gemiddelde intelligensiepeil van Amerikaanse negers heelwat laer is as dié van die blankes en dat "verbastering" gevare vir die blankes inhou, verklaar S du Toit (1961d:1), professor aan die Teologiese Skool en verskeie jare lank hoofredakteur van **Woord en Daad**: "Ons kan met elke sin daarvan saamstem en dit net so toepas op Suid-Afrika." Hy meen wel dat alle volke en rasse "in gelyke staat voor God" verkeer, maar dat dit nie noodwendig "gelykheid in gawes" impliseer nie. "(D)ie feit is dat die negroïde-ras in al die eeue kultureel agterlik gebly het en dat integrasie met hulle die kultuur gaan aftrek na 'n laer vlak" (Du Toit 1961e:4).

Die gedagte van blanke voogdyskap ten opsigte van die swart bevolking van Suid-Afrika word as uitvloeisel van 'n Christelike lewensbeskouing gesien. Voogdyskap eerder as baasskap word as die juiste verhouding beskou. Voogdyskap sluit wel rassevermenging uit, maar nie samewerking tot onderlinge voordeel nie (Venter 1955:4). JH Coetzee, 'n volkekundige verbonde aan die PU vir CHO, meen

[3] By baie van die artikels word die skrywer nie aangedui nie. Daar kan aanvaar word dat hierdie artikels oor die algemeen deur redaksielede geskryf is. Vanaf 1963 is, behalwe in enkele gevalle, die naam van die outeur nie by artikels geplaas nie.

dat die blanke in Suid-Afrika in die verlede verplig was om, ter wille van orde en vrede, voogdyskap oor die swart mense te aanvaar, en hoewel dit soms wel tot uitbuiting gelei het, is voogdyskap beslis nie sinoniem met uitbuiting soos soms beweer word nie (JH Coetzee 1958c:2). Volgens H du Plessis (1960a:1), Potchefstroomse professor in Sendingwetenskap, moet voogdyskap as 'n tydelike saak gesien word wat moet uitloop op onafhanklikheid. Hy skryf dat die regering nog nie werklik die konsekwensies van die beleid onder oë sien nie en dat die grondfout gemaak word "dat ons eers absoluut verseker wil wees dat die beleid wat ons voorstaan in die eerste plek ons blanke voortbestaan waarborg voordat ons God wil gehoorsaam" (H du Plessis 1960a:5; vgl. ook Anon 1963a:6). Die redaksie beklemtoon dit dat Bybelse beginsels van geregtigheid en liefde teenoor die naaste in Suid-Afrika se rassebeleid moet geld, maar bly oortuig daarvan dat 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling aan hierdie vereistes kan voldoen (vgl. Anon 1964a:11; Anon., 1965d: 4).

## 3. DIE TUISLANDE

In 1954 reeds spreek **Woord en Daad** hom ten gunste van die volledige ontwikkeling van die "naturellegebiede" uit (LJ du Plessis 1954: 5), maar in 1958 word nog geglo dat dit net tot die totstandkoming van "onselfstandige Bantoestate" behoort te lei (JH Coetzee 1958b: 2). In 1960 word dit egter beklemtoon dat afsonderlike ontwikkeling daartoe moet lei dat die swart man "waarlik vry sal word" (Du Toit 1960c: 5). Du Toit (1960c:5) wys daarop dat volledige ontwikkeling van die tuislande groot opofferings van die blanke sal verg. HG Stoker (1960b:2), professor in Filosofie aan die PU vir CHO, meen dat die regeringsbeleid om nywerhede op die grense van tuislande te vestig, nie voldoende is nie en dat nywerhede, aanvanklik met blanke kapitaal, ook binne die tuislande ontwikkel moet word. H du Plessis (1960b:1,4) is nog meer krities oor die beleid van grensnywerhede omdat hy glo dat dit nie die ekonomiese ontwikkeling van die tuislande op die lang termyn sal bevorder nie (vgl. ook latere kritiek op die beleid van grensnywerhede: Anon 1964e: 7; Anon 1964d: 8-9). Hy meen dat die regering se beleid op die "spoedige onafhanklikheid van die naturelle in hul eie gebiede" gerig moet wees, anders sal die wêrelddruk te groot word en "algehele integrasie op ons afgedwing" word (H du Plessis 1960b:1). 'n Federasie tussen die Unie (dit wil sê die oorblywende deel van Suid-Afrika) en die state wat in die tuislande tot stand sal kom, is volgens hom die aangewese oplossing. Die gedagte van 'n federasie van state is egter nooit sterk in **Woord en Daad** gepropageer nie.

Daar word ook, veral vanaf die sestigerjare, beklemtoon dat die ontwikkeling van die tuislande om al die swart mense te kan akkommodeer groot opofferinge van die blankes sal verg. "Ons blankes sal daardie miljoene uit ons sakke moet skud

omdat dit is wat apartheid vra" (Hattingh 1961:3). In Oktober 1961 word in 'n redaksionele artikel verklaar dat daar waarskynlik nie meer as vyf jaar oor is om die beleid van afsonderlike ontwikkeling deur te voer nie (Du Toit 1961i: 3.) Twee jaar later word gewaarsku dat, weens die groot getalle swart mense wat reeds buite die tuislande woon, die proses van skeiding "met alle moontlike haas deurgevoer" moet word en die nodige offers daarvoor gebring met word, "anders sal die nageslag verwytend die vinger na ons wys" (Anon 1963c: 8). **Woord en Daad** spreek die vrees uit dat ekonomiese voorspoed die blankes sag gemaak het, maar glo tog dat "die staal in ons volk nog nie vergaan het nie" (Anon 1965b:11). Apartheid is die blankes se keuse en dit kan nie van die swart mense verwag word om die offers te bring nie. Die blankes sal die aanvanklike beleggings moet maak, al vereis dit ontberings. "Die dividende sal later kom" (Anon 1965f: 7). Die blad spreek hom ook uit teen die beleid om versnipperde gebiede, soos in Zoeloeland die geval is, tot aparte state te probeer ontwikkel omdat sulke gebiede nie lewensvatbare state kan vorm nie. Die tuislande moet gekonsolideer word. "Ons aanvaar afsonderlike ontwikkeling met sy volle konsekwensies of ons aanvaar integrasie" (Anon 1965e:4).

In Augustus 1966, nadat die vyf jaar reeds verstryk het waartydens die beleid, volgens die redaksie, deurgevoer moes word, word erken dat "ons nog maar 'n klein endjie beweeg het op die pad van afsonderlike ontwikkeling" (Anon 1966a:5.) Tog word die vraag of die beleid nog wel haalbaar is, nie gevra nie.

## 4. SWART MENSE BUITE DIE TUISLANDE

In Junie 1960 verklaar **Woord en Daad** dat die swart onluste van enkele maande tevore gesien moet word as "'n duidelike skrif van God". Blanke Suid-Afrikaners sal nou die kernprobleem in die deurvoering van die apartheidsbeleid moet aanpak, naamlik die ontwikkeling van die tuislande sodat die "nie-blankes onder ons" daar gehuisves kan word. Die swart mense buite die tuislande sal aandring op meer en meer regte en op die lang duur kan van geen volk sy politieke regte weerhou word nie. "Dit is heel eenvoudig om vir onsself te sê dat die naturelle hier as trekarbeiders aanvaar moet word, sonder enige politieke regte, maar in die praktyk is dit nie so eenvoudig nie" (Du Toit 1960d: 3). Stoker meen dat "die naturel in die blanke gebied" as "die moeilikste probleem" beskou moet word. Hy glo dat soveel as moontlik swart mense mettertyd na die tuislande sal kan verhuis, maar 'n belangrike kern sal permanent in die blanke gebied bly en aan hulle sal uiteindelik meer regte gegee moet word. Hy meen dat hierdie swart mense egter steeds as "gaste" gesien sal kan word en dat hulle slegs "gas-regte" behoort te ontvang, soos die behartiging van eie belange in hul eie woonbuurte (Stoker 1960b: 2). Dit kan lei tot die stigting van rade wat die blanke owerhede van advies kan bedien.

Hy beskou dit nie as 'n onreg om aan hierdie mense stemreg vir die Suid-Afrikaanse regering te weerhou nie (Stoker 1960b: 2).

H du Plessis (1960c:3) wys daarop dat die stedelike swart mense, wat teen 1960 sowat $2^1/_2$ miljoen was, "die mees vooruitstrewende en arbeidsame groep onder die naturelle-bevolking van die Unie" is, maar dat hulle ook die mees gefrustreerde groep is en dat die meeste onrus onder hulle plaasvind. Hy meen dat hoe meer hierdie swart mense die blankes se belangesfeer binnedring, hoe meer "negatiewe apartheidsmaatreëls om dit te verhoed" sal volg, wat weer sal lei tot groter frustrasie. Daarom spreek hy hom sterk uit teen die ekonomiese kleurslagboom. Hy kom egter nie werklik met 'n oplossing vir hierdie probleem na vore nie, en ook in latere artikels word hoofsaaklik net die erns van die probleem aangedui en gevra dat die probleem met 'n "deurtastende vyfjaarplan" aangepak word (Anon 1964c:3).

Daar word telkemale in **Woord en Daad** verklaar dat solank blankes afhanklik bly van swart arbeid die apartheidsbeleid nie konsekwent deurgevoer kan word nie. Daar sal aanvaar moet word dat hande-arbeid nie noodwendig "Naturelle-arbeid" is nie (JH Coetzee 1955: 6). Hierdie gedagtes word in verskeie artikels herhaal (o.m. Du Toit 1960b:3; AJ van Rooy 1961:3; Anon 1963b: 13-4; Anon 1965a: 3).

Minder afhanklikheid van swart arbeid beteken ook dat meer blankes benodig word om die Suid-Afrikaanse ekonomie aan die gang te hou (Anon 1955:3). Bowendien sal 'n groter blanke bevolking kan help om 'n swart getalle-oorwig te verhoed. Daarom spreek **Woord en Daad** hom ten gunste uit van 'n groter geboortesyfer onder blankes en ook van blanke immigrasie van geskoolde sowel as ongeskoolde werkers. Hierdie immigrante moet liefs Protestante wees "omdat ons deur Gods beskikking 'n Protestantse land is en geroep is om ons Protestantse erfenis te beskerm" (Anon 1955:3; vgl. ook AJ van Rooy 1959:4; WN Coetzee 1960: 3; JH Coetzee 1962:8).

## 5. KLEURLINGE EN INDIËRS

Daar verskyn betreklik weinig oor die politieke plek en toekoms van die kleurlinge en die Indiërs in **Woord en Daad** en 'n duidelike standpunt word nie oor hul ingeneem nie. Toe die Nasionale Party-regering in die vyftigerjare die kleurlinge van hul stemreg op die gemeenskaplike kieserslys ontneem het en, om dit te bewerkstellig, die senaat vergroot het, is 'n artikel deur 'n Nasionale Party-parlementslid, A Hertzog (1959:1), waarin hierdie optrede verdedig word, sonder kommentaar opgeneem.

In 1961 word die standpunte wat twee volkekundiges, PJ Coertze en JP Bruwer, in 'n ander tydskrif gestel het, met instemming aangehaal. Albei spreek skerp kritiek uit op 'n pleidooi vir 'n beleid van integrasie tussen blankes en kleurlinge. Sulke integrasie kan die "dun end van die wig" wees wat kan lei tot 'n algemene beleid van integrasie, maar nietemin moet die kleurlinge nie in die duister gehou word oor hul toekoms nie en hul "volwaardige regte en verantwoordelikhede as burgers van ons gemeenskaplike vaderland" erken word (Du Toit 1961d:1). 'n Aankondiging van die Eerste Minister, HF Verwoerd, dat die kleurlinge mettertyd volle seggenskap oor "kleurlingsake" sal verkry, word dan ook verwelkom (AE 1962:3). Tog word in die artikel verklaar dat, anders as in die geval van die swart mense, dit onwaarskynlik is dat die kleurlinge uiteindelik soewereiniteit oor 'n eie gebied sal verkry. "Hierdie vrae moet nog in die toekoms beantwoord word. Deur aan hulle soewereiniteit toe te ken op 'n gebied waar dit tans moontlik is, word die regte weg bewandel. Wanneer ons bo-op die bult gekom het, sal ons sien hoedat die pad verder gaan" (AE 1962: 3). In 'n latere artikel word ook aangedui dat 'n oplossing vir die politieke toekoms van die kleurling en die Indiër nog gevind moet word (Anon 1964f: 6).

JH Coetzee (1962:5,8) reageer krities, maar nie afwysend nie, op 'n memorandum waarin daarvoor gepleit word dat swart mense uit Wes-Kaapland verskuif word en as arbeiders met kleurlinge vervang word, sodat dit 'n "blanke gebied" kan word. Hy wys daarop dat die kleurlinge nie, soos die skrywers van die memorandum meen, sonder meer as deel van die blanke bevolking aanvaar kan word nie, maar aan die anderkant behoort dit in die apartheidsbeleid nie hoofsaaklik om skeiding van rasse nie, maar om skeiding van volke en kulture te gaan.

In 1965 (Anon 1965c: 4-5) word beklemtoon dat daar wat die kleurlinge betref tussen twee alternatiewe gekies moet word, naamlik uiteindelike onafhanklikheid in 'n eie gebied of uiteindelike volle politieke regte in "blanke" Suid-Afrika. Veral omdat die regering nog nie oor hierdie saak uitsluitsel verskaf het nie, moet die regering volgens die artikelskrywer die kleurlinge met "meer konsiderasie" behandel en die beleid van woonbuurtskeiding, wat die skrywer wel as goed bedoel en noodsaaklik beskou, nie te wetties deurvoer nie.

## 6. "KLEIN" APARTHEID

In sy bespreking van die rassevraagstuk bly **Woord en Daad** sterk gefokus op breë politieke beleidsrigtings en word relatief min aandag gegee aan dié sake wat tans veral as die "onmenslike" aspekte van die apartheidsbeleid gesien word, sake soos die Groepsgebiedewet en die gedwonge verskuiwings wat daardeur meege-

bring is, instromingsbeheer, werkreservering, die verbod op gemengde huwelike en afsonderlike geriewe. "(K)lein apartheid, afsonderlike ingange, geriewe e.d.m." word deur **Woord en Daad** verdedig as noodsaaklike, hoewel minder belangrike en verbygaande aspekte van apartheid (Anon 1965f:5; vgl. Anon 1966b:1). Daar word tog in enkele artikels kritiek uitgespreek op die manier waarop apartheidswette toegepas word. "Is daar nie in die apartheidswette veel wat irriterend is nie? Is daar nie te veel dwang en te weinig sielkunde nie?" (Du Toit 1960a:3). H du Plessis (1961c:9) wys ook op die gevare van wetlike diskriminasie wat veral die ontwikkelde swart mense in die arms van die Kommunisme kan dryf. Na aanleiding van stakings word gepleit vir goeie verhoudinge op die werksterrein, want "voorkoming is beter as genesing" (Anon 1961:8).

Wat universiteitsonderwys betref, word die bestaan van gemengde universiteite veroordeel, omdat "die altyd sterker toevloei van nie-blanke studente uiteindelik nie-blanke oorheersing meebring" (Anon 1959:2). Daar is dan ook beslis nie gepleit vir die toelating van anderskleurige studente wat hoër onderwys op 'n Christelike grondslag sou wou hê tot die PU vir CHO nie, maar eerder dat daar 'n "PU vir CHO vir nie-blankes" kom (JH Coetzee 1958a:1).

Oor probleme rakende werkreservering verskyn daar verskeie artikels en word daar in die briewekolomme 'n debat gevoer. Dit het begin met 'n brief van JA Schutte (1960:1). Hy skryf dat hy na 'n gesprek met enkele "hoogsbeskaafde kleurlinge" besef dat die stelsel van werkreservering tot groot frustrasie onder hulle lei. Hy stel die vraag of die regering se werkreserveringswette wel Christelik is en vra: "Hoe moet ek persoonlik my in die oordeel voor God verantwoord, omdat ek nooit daaroor geskryf of gepraat het nie?" Op dieselfde bladsy antwoord die Minister van Arbeid, J de Klerk (1960:1), dat die regeringsoptrede juis groter sekerheid op die werksterrein aan kleurlinge bied en dat rassemededinging daardeur uitgeskakel word. In latere briewe verdedig GH Beetge (1960:6), Sekretaris van die Blanke Bouwerkersvakbond, die regeringsbeleid, terwyl J Griffioen (1960:3) en SP van der Walt (1960:6) aansluit by die standpunt van Schutte. Van der Walt meen dat enige kwotastelsel ekonomies negatiewe gevolge het en ook mense se persoonlike vryheid aantas. "Dit is nie billik om die ordelike saambestaan van verskillende rasse te reël met 'n maatreël wat nie op grond van werkprestasie nie, maar op grond van 'n nie-bestaande tradisie en op grond van kleur dit doen." Hierop antwoord Stoker (1960c:2) dat werkreservering nie per se oneties is, soos Van der Walt beweer nie. 'n Horisontale werkreservering, waarvolgens slegs blankes bestuursbetrekkinge mag beklee, kan in die besondere landsomstandighede geregverdig word, mits "nie-blankes in hulle gebiede en in hulle bedrywe bestuurders mag word". In dieselfde uitgawe verduidelik H du Plessis (1960c:3) egter dat daar volgens bestaande regeringsbeleid nie goeie werkgeleenthede vir swart mense

in die tuislande ontstaan nie en hy meen dat "die so strenge ekonomiese kleurslagboom in die blanke gebiede" dus nie op grond van geleenthede vir swart mense in die tuislande geregverdig kan word nie. Hy glo dat die wette in hierdie verband lei tot groter frustrasie en onrus onder swart mense. In 1965 (Anon 1965g:4) word verklaar dat werkreservering, wat onder meer meebring dat swak gekwalifiseerde blankes op grond van hul velkleur teen mededinging verskans word, hoogstens as 'n noodmaatreël geregverdig kan word "terwyl daar doelgerig en sonder versuim afgestuur word op praktiese deurvoering van 'n beleid van 'n eie tuisland vir elke volk".

## 7. KRITIEK OP DIE APARTHEIDSBELEID

In verskeie berigte en artikels word aandag gegee aan buitelandse kritiek op die apartheidsbeleid, veral kritiek wat gelewer word deur persone en instansies in Nederland en die VSA wat deur **Woord en Daad** as geesgenote beskou is. Stoker (1960a:2,4; 1960b:2,4) bespreek die agtergronde vir hierdie kritiek en meen dat die Westerse lande uit 'n slegte gewete handel en dat die Weste hom in 'n innerlike krisis bevind waarin veral die waardigheid van die mens op die spel is. Na aanleiding van kritiek in 'n Nederlandse blad oor 'n Suid-Afrikaanse gholfspeler wat weens sy velkleur toegang tot 'n klubgebou geweier is, verklaar PJ Coetzee (1963:5) dat hierdie apartheidsmaatreëls "tans in meer as een opsig nie ideaal is nie" en tot 'n einde moet kom as die "Bantoestate tot wasdom gekom het", maar "solank as wat die toekoms van ons kinders nie veilig is nie, kan van ons geen prinsipiële konsessies verwag word nie".

Wat binnelandse kritiek betref, word daar onder meer gereageer op die verskyning van die boek **Vertraagde Aksie** (Geyser 1960), waarin elf Afrikaanse teoloë hul krities oor die apartheidsbeleid uitlaat. Die redaksie (Du Toit 1960e:3) staan baie negatief teenoor dié werk en meen dat daarin 'n "streep getrek word deur die tradisie van ons volk". Nasionalisme word daarin "as uit die bose" beskou. H du Plessis se bydrae tot die boek word 'n "loflike uitsondering" genoem, "wat eintlik in hierdie bundel nie tuishoort nie" (Du Toit, 1960e:3). Ook die Cottlesloe-verklaring, waarin verteenwoordigers van 'n aantal Suid-Afrikaanse kerke skerp kritiek op apartheid uitspreek, word in redaksionele artikels veroordeel (Du Toit 1961f:3; 1961a:3), veral omdat die kerkleiers nie eers met die regering samesprekings gevoer het nie en omdat die klem net op die individu en nie ook op volke en nasies gelê word nie.

## 8. SLOTBESKOUING

Soos reeds in die inleiding aangedui, het **Woord en Daad** dit as sy plig geag om lojaal aan die regering te bly. Die feit dat die blad die mondstuk van 'n beweging was wat homself spesifiek as 'n Afrikaanse beweging aangedui het, toon dat dit hom steeds besonder verbonde met die Afrikaanse volk gevoel het. Die redaksie het die standpunt gehuldig dat daar geen botsing tussen nasionalisme en Calvinisme hoef te wees nie, solank nasionalisme ook Christelik-gefundeerd is (Du Toit 1959:4). In die periode 1948-1966 het die oorgrote meerderheid Afrikaners, en daarmee saam die lesers van **Woord en Daad**, die Nasionale Party en die apartheidsbeleid gesteun. Dit het meegebring dat, wanneer daar in die blad kritiek op die regering gelewer word, dit uiters versigtig gedoen word. Toe Verwoerd in 1964 waarsku teen sogenaamde "sosiale godsdiens" na aanleiding van 'n verslag van die Britse Raad van Kerke, word byvoorbeeld geskryf: "(O)ns is dankbaar dat dr. Verwoerd so ernstig teen hierdie gevare waarsku", maar dan verduidelik dat godsdiens "ook 'n sosiale aspek" het en ook te doen het met sosiale geregtigheid (Anon 1964b:8-9).

Selfs wanneer daar in gedagte gehou word dat **Woord en Daad** sy lesers en die regering van hom sou vervreem het met te skerp kritiek, lyk dit vandag tog vreemd dat baie min of geen protes in die blad gehoor word oor sake soos die verwydering van die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys of gedwonge verskuiwings nie, sake waarop heftig in die Engelstalige pers en ook oorsee gereageer is. Dit wil voorkom of **Woord en Daad**, in sy noue verbondenheid met die Afrikaners, nie baie gevoelig was vir die wyse waarop ander groepe in die land die apartheidsbeleid ervaar het nie. In 'n vroeë uitgawe van die blad merk JH Coetzee (1954:3) op dat "in ons gewone bespreking van die verhouding tussen blankes en nie-blankes in ons land daar gewoonlik weinig tereg kom van die persoonlike en menslike aspekte". Hy resenseer in die artikel twee romans wat "die rassevraagstuk...soveel nader aan 'n mens..., uit die sfeer van die koue verstandelike tot die gebied van die gevoelslewe" bring. **Woord en Daad** bespreek die apartheidsbeleid feitlik steeds op 'n sterk rasionele wyse. Daar word aanvaar dat die grondslag van apartheid reg is, asook die einddoel, omdat dit volledige regte vir swart mense in hul eie gebiede behels. In die lig daarvan kan al die diskriminerende maatreëls as slegs tydelik van aard geregverdig word.

As gelet word op **Woord en Daad** se artikels oor die grondslae van apartheid, lyk dit asof bepaalde wesenlike vrae nooit aan die orde gestel is nie. As gebiedskeiding tussen volke Bybels geregverdig sou wees, waarom moet daar dan nie ook skeiding tussen Afrikaners en Engelse wees nie? Is die tuislande werklik die enigste dele van Suid-Afrika wat regtens die swart mense se gebiede is? Is dit regverdig as

al die swart mense in so 'n klein deel van Suid-Afrika gevestig word? Oor die posisie van die swart mense buite die tuislande is daar baie ernstig geredeneer en uit die artikels oor hierdie onderwerp blyk daar al meer kommer oor die uitvoerbaarheid van die strewe om die oorgrote meerderheid uiteindelik in die tuislande te vestig. Daar word telkens gewaarsku dat die tyd min word en groter opofferings gemaak moet word. Oor die toekoms van die kleurlinge kom **Woord en Daad** nie met 'n oplossing vorendag nie. In 1961 word in 'n lesersbrief geskryf dat die vraag uiteindelik nie gaan wees "wat ons met die Bantoe kan, moet of gaan doen nie", maar "wat gaan die Bantoe met ons doen?" (Van der Dussen, 1961:7). Hierdie versiendheid was nie by die redaksie aanwesig nie en trouens feitlik nie by Afrikaanse geleerdes en politici van daardie tyd nie.[4]

Het **Woord en Daad** enige invloed op die regeringsbeleid uitgeoefen? Die blad was steeds lojaal aan die regering en het die grondslae van die apartheidsbeleid bly steun. Al was dit nie 'n streng akademiese tydskrif nie, het akademici wat ernstig oor politieke vraagstukke besin het daarin geskryf. Daarom kan aanvaar word dat regeringsleiers beslis daarvan notisie sou neem. Aan die ander kant het die blad 'n klein seksie van die Afrikaners, die sogenaamde Doppers, verteenwoordig waarvan daar maar min verteenwoordigers in die regering was. Minister J de Klerk was in hierdie jare die enigste kabinetslid wat noue bande met die PU vir CHO gehad het. Die logiese konsekwensies van apartheid, veral ten opsigte van die tuislande, is nie vroeër deur **Woord en Daad** uitgespel as wat dit in Nasionale Partykringe gedoen is nie. Die herhaalde oproepe om vinniger ontwikkeling van die tuislande en groter opofferinge het seker nie op dowe ore geval by denkende politieke leiers nie, maar die Nasionale Party sou moeilik 'n beleid kon deurvoer wat die blanke kiesers ekonomies ernstig sou benadeel sonder om hul steun te verloor.

Wat betref **Woord en Daad** se invloed op sy lesers, wat nooit meer as enkele duisende en hoofsaaklik lidmate van die Gereformeerde Kerk was nie, kan die gevolgtrekking moeilik anders wees as dat die blad meegehelp het om hulle van die prinsipiële aanvaarbaarheid en regverdigheid van die apartheidsbeleid te oortuig. **Woord en Daad** het waarskynlik tog gehelp om sy lesers 'n beter begrip te gee van wat die belangrike en die minder belangrike aspekte van die beleid was en hulle gestimuleer om oor probleme rakende die uitvoering daarvan te besin.

---

4 Hoewel daar in **Woord en Daad** self nie twyfel uitgespreek word dat die beleid uiteindelik sal slaag nie, het skrywers in **Woord en Daad** soos LJ du Plessis en JH Coetzee wel in ander publikasies ernstige bedenkinge geopper (vgl. CJ Coetzee 1996; P de Klerk 1997:67-8) en Du Plessis se skerp kritiek op die regeringsbeleid het hom in onguns by Verwoerd en ander regeringsleiers gebring (vgl. Potgieter 1976:16-7).

**BRONNE**

AE 1962. Die pad van Suid-Afrika. **Woord en Daad,** 7(2):3, 16 Februarie.

Anon 1954a. Ons stuur op 'n ramp af (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 1(8):3, Augustus.

Anon 1954b. Wat wil "**Woord en Daad**"? **Woord en Daad** 1(1):1-2, Januarie.

Anon 1955. Gebrek aan blanke arbeidskragte (redaksionele artikel.) **Woord en Daad** 2(4):3, April.

Anon 1958. Waarom nie lid van die A.C.B. nie? **Woord en Daad** 3(2):5, Maart.

Anon 1959. Belangrike wette. **Woord en Daad** 4(5):2-3, Junie.

Anon 1961. Ons persoonlike optrede en die rassevraagstuk. **Woord en Daad** 6(16):8, September.

Anon 1963a. Dis nie 'n geval van of-of nie maar van en-en. **Woord en Daad** 7(26):6-7, 15 November.

Anon 1963b. Kyk hoe bloedig vererg hy hom. **Woord en Daad** 7(25):13-4, 15 Oktober.

Anon 1963c. Ons antwoord aan die **Sunday Times**. **Woord en Daad** 7(26):7-8, 15 November.

Anon 1964a. Die gevare van 'n negatiewe reaksie in 'n veranderde wêreld. **Woord en Daad** 7(35):10-11, Desember.

Anon 1964b. Die kerk en die volksbelang. **Woord en Daad** 7(37):8-9, Desember.

Anon 1964c. Dit is vyf voor twaalf vir die Afrikaanse volk. **Woord en Daad** 7(32):1-3, Mei.

Anon 1964d. Eiesoortige ontwikkeling 'n mislukking sonder industriële ontwikkeling van die Bantoe-tuislande. **Woord en Daad** 7(36):8-9, Oktober.

Anon 1964e. Grensnywerhede: "die oplossing vir al ons moeilikhede". **Woord en Daad** 7(32):7-8, Mei.

Anon 1964f. Suid-Afrika moet baie immigrante kry. **Woord en Daad** 7(36):5-7, Oktober.

Anon 1965a. Arbeidselfstandigheid. **Woord en Daad** 9(43):2-3, Desember.

Anon 1965b. Die weelde maak ons sag. **Woord en Daad** 8(36):11.

Anon 1965c. Ons bruin mense. **Woord en Daad** 8(38):4-5, Junie.

Anon 1965d. Politieke en gebiedskeiding. **Woord en Daad** 8(38):3-4, Junie.

Anon 1965e. Vir ieder volk sy vaderland. **Woord en Daad** 8(37):1-4, Mei.

Anon 1965f. Vrees vir 'n noodsaaklike operasie. **Woord en Daad** 8(37):5-6, Mei.

Anon 1965g. Waar moet hierdie mense heen? **Woord en Daad** 9(43):4, Desember.

Anon 1966a. Hand in eie boesem oor uitvoering van volkerebeleid. **Woord en Daad** 9(50):5, Augustus.

Anon 1966b. Krag van Christelike beginsels nodig vir S.A. volkerebeleid. **Woord en Daad** 9(51):1-3, September.

Beetge GH 1960. Werkreservering. (brief). **Woord en Daad** 5(12):6, 21 Oktober.

Coetzee CJ 1996. Luthuli for president or "die Professorale Rebellie" or 1959 at the PUK. **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 21(1):136-54.

Coetzee CJ 1998. Die PU vir CHO en die rasse- en volkereproblematiek. **Koers** Bylaag 1:273-92.

Coetzee JH 1954. Twee boeke oor die naturel. **Woord en Daad** 1(6):3, Junie.

Coetzee JH 1955. Apartheid: 'n nuwe gesindheid nodig. **Woord en Daad** 2(2):6, Februarie.

Coetzee JH 1958a. Christelike Hoër Onderwys vir nie-blankes? **Woord en Daad** 3(3):1, April.

Coetzee JH 1958b. Frankryk en Afrika. **Woord en Daad** 3(10):1-2, November.

Coetzee JH 1958c. Is die blankes uitbuiters? **Woord en Daad** 3(9):1-2, Oktober.

Coetzee JH 1962. Ons eerste blanke gebied. **Woord en Daad** 7(19):5,8, 28 Desember.

Coetzee PJ 1963. Die geval Papwa. **Woord en Daad** 7(24):5, 31 Mei.

Coetzee WN 1960. Die Republiek. **Woord en Daad** 5(1):3, Februarie.

De Klerk J 1960. Antwoord van min. de Klerk (brief). **Woord en Daad** 5(9):1, 7 September.

De Klerk P 1997. Politieke koersaanduiding in **Koers**, 1933-1961. **Koers** 62(1):45-75.

Du Plessis H 1960a. Nasionale ontwaking en die koninkryk van God. **Woord en Daad** 5(12):1,5, 21 Oktober.

Du Plessis H 1960b. Randnywerhede en die reservate (I). **Woord en Daad** 5(14):1,4, 18 November.

Du Plessis H 1960c. Randnywerhede en die reservate (II). **Woord en Daad** 5(15):3, 2 Desember.

Du Plessis H 1961a. Die naturellevraagstuk (I). **Woord en Daad** 5(17):2, 6 Januarie.

Du Plessis H 1961b. Die naturellevraagstuk (II). **Woord en Daad** 5(18):2, 20 Januarie.

Du Plessis H 1961c. Die naturellevraagstuk (III). **Woord en Daad** 6(3):9, 3 Maart.

Du Plessis LJ 1954. Ons boere en die jongste Sabra-kongres. **Woord en Daad** 1(2):5, Februarie.

Du Toit S 1959. Onaantasbare nasionalisme? (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 4(10):4, November.

Du Toit S 1960a. Besinning is noodsaaklik (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 5(4):3, Mei.

Du Toit S 1960b. Die "Israel" van Afrika. **Woord en Daad** 5(7):3, 3 Augustus.

Du Toit S 1960c. "Die tyd van rus is verby!" **Woord en Daad** 5(6):5, Julie.

Du Toit S 1960d. Nog nie die kern geraak nie (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 5(5):3,6, Junie.

Du Toit S 1960e. Sal ons mekaar dan nooit verstaan nie? (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 5(15):3, 2 Desember.

Du Toit S 1961a. Amajuba - 27 Feb. 1881 (redaksionele artikel.) **Woord en Daad** 6(2):3, 17 Februarie.

Du Toit S 1961b. Gebiedskeiding of nie? (redaksionele artikel.) **Woord en Daad** 6(4):3, 17 Maart.

Du Toit S 1961c. Integrasie van die bruinmense? **Woord en Daad** 6(11):1, 16 Junie.

Du Toit S 1961d. Menslike vooruitgang en die rassevraagstuk (II). **Woord en Daad** 6(14):1, 4 Augustus.

Du Toit S 1961e. Menslike vooruitgang en die rassevraagstuk (antwoord op brief). **Woord en Daad**, 6(16):4, 1 September.

Du Toit S 1961f. Nog meer verwarring (redaksionele artikel.) **Woord en Daad** 5(17):3, 6 Januarie.

Du Toit S 1961g. "Oop gesprekke" of nie? (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 6(1):3, 3 Februarie.

Du Toit S 1961h. "Segregeer...of sterf". **Woord en Daad** 6(19):1, 20 Oktober.

Du Toit S 1961i. Volgende vyf jaar uiters kritiek (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 6(18):3, 6 Oktober.

Geyser AS et al 1960. **Vertraagde aksie; 'n ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende kerk**. Pretoria, NG Kerkboekhandel.

Griffioen J 1960. Werkreservering (brief). **Woord en Daad** 5(11):3, 7 Oktober.

Hattingh PJ 1961. Harde eise aan die blankes. **Woord en Daad** 6(8):3, 5 Mei.

Hertzog A 1959. Die Senaat - ontwerp om 'n volk te kniehalter. **Woord en Daad** 4(8):1-2, September.

Potgieter PJJS 1976. **LJ du Plessis as denker oor staat en politiek**. Potchefstroom, PU vir CHO.

Redaksie (Die) 1960. Ons beleid (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 5(7):3, 3 Augustus.

Scher DM 1992. Part 4: 1948-1966. In: Liebenberg BJ & Spies SB (reds.) **South Africa in the twentieth century**. Pretoria, Van Schaik :321-418.

Schutte JA 1960. Werkreservering (brief). **Woord en Daad** 5(9):1, 7 September.

Stoker HG 1960a. Die verset van die buiteland teen ons rassebeleid (I). **Woord en Daad** 5(7):2,4, 3 Augustus.

Stoker HG 1960b. Die verset teen ons rassebeleid (II). **Woord en Daad** 5(8):2,4, 17 Augustus.

Stoker HG 1960c. Werkreservering (brief). **Woord en Daad** 5(15):2, 2 Desember.

Van der Dussen G 1961. Wat gaan die Bantoe met ons doen? (brief). **Woord en Daad** 5(17):7, 6 Januarie.

Van der Walt IJ 1961. "Oop gesprekke" deug nie. **Woord en Daad** 6(1):2, 3 Februarie.

Van der Walt SP 1960. Werkreservering (brief). **Woord en Daad** 5(14):6, 18 November.

Van Rooy AJ 1959. Immigrasie (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 4(1):4, Februarie.

Van Rooy AJ 1961. Selfwerksaamheid. **Woord en Daad** 6(11):3, 16 Junie.

Van Rooy DJ 1955. Die A.C.B. en die P.U. vir C.H.O. **Woord en Daad** 2(1):5, Januarie.

Van Rooy GM 1962. Calvinistiese aksie geko-ordineer (redaksionele artikel). **Woord en Daad** 7(14&15):3, 14 September.

Venter H 1955. Taal en letterkunde. **Woord en Daad** 2(3):4, Maart.